

Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 26

> *Jy moet vrolik wees oor al die goeie dinge wat die Here jou God aan jou en jou huis gegee het – jy en die Leviete en die vreemdelinge wat by jou is. (vers 11)*

Ek was in my bediening telkens verbaas oor hoeveel misverstand

en selfs wrewel daar by lidmate bestaan oor die gee van dankoffers. Vrae soos: “Wat wil die kerk met al die geld maak?” en: “Hoekom praat julle so baie oor geld?” is meermale geopper. En natuurlik die grappie dat die “NG” in “NG Kerk” staan vir “en gee en gee en gee.”
As ’n mens deur die Bybel blaai, val dit op hoeveel keer daar oor gawes en offers en tiendes gepraat word. Deut 26 is deel daarvan. Wat my óók opval, is dat die gee van offers en tiendes met vreugde en vrolikheid gepaard gaan (vers 11). Paulus skryf ook in dié trant oor die saak in 2 Kor 8:2 (oorvloedige blydskap), 2 Kor 9:5 (’n werklike offer van dankbaarheid, en nie iets wat afgepers is nie) en 2 Kor 9:7 (God het die blymoedige gewer lief).
Hoekom gee party mense dan so knyp-knyp hulle offers? Is hulle nie dankbaar vir al God se goeie gawes aan hulle nie? Of is dit bloot uit onkunde?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026